

**Vrydag 29 Mei**

**Skrifgedeelte: Markus 16:1-18**

**Fokusgedeelte: Markus 16:1-8**

**Jesus, die Nasarener, Hy wat gekruisig is – Hy is opgewek**

**O**ns lees hier dat drie vroue die Sondagmôre baie vroeg na Jesus se graf toe is om sy liggaam te balsem. Toe hulle daar aankom, sien hulle dat die klip voor die graf weggerol is en skrik vir 'n jong man in wit klere wat binne die graf sit. Hierdie engel is gestuur om die goeie nuus van Jesus se opstanding met die vroue te deel.

Hy begin deur vir die verskrikte vroue te sê: “Moenie verskrik wees nie.” Wanneer mense hierdie magtige wesens ontmoet, is dit telkens nodig dat die engele hulle kalmeer. Die boodskap wat die engel moet bring, is nie 'n skrik-boodskap nie, maar 'n blye-boodskap.

“Julle soek Jesus die Nasarener wat gekruisig is”, sê die engel. Hulle soek 'n dooie liggaam, die lyk van Jesus, die Nasarener wat gekruisig is. Maar hulle gaan Hom nie in die graf vind nie, want “Hy het opgestaan”. Meer letterlik staan daar dat *Hy opgewek is*. Jesus het die mag om die lewe wat Hy afgelê het, weer op te neem (Joh. 10:17-18), want dit is onmoontlik dat die dood Hom kan vashou (Hand. 2:24) – en Hy het dit ook gedoen! Maar hier word die werk van God die Vader (Hand. 4:10; 5:30) en God die Heilige Gees (Rom. 8:11; 1 Pet. 3:18) beklemtoon. Die opstanding of opwekking van Jesus is 'n werk van God Drie-Enig.

Die vroue word met die blye boodskap van Jesus se opwekking gestuur na die dissipels toe. Hulle het Jesus se dooie liggaam by die graf gaan soek, maar ontmoet later die lewende Jesus in Galilea.

Glo in Hom wat lewe in Homself het, sodat jy ook die ewige lewe kan hê (1 Joh. 5:10-13). Verwerp Hom en val dan in die hande van die lewende God (Heb. 10:31).

*Sing: Psalm 2-1:4,6*

*Ds. DJ Malan (Danie) (Uitschot)*